IMPALA NATUUR- EN VELDGIDS OPLEIDING cc

IMPALA NATURE AND FIELD GUIDE TRAINING

ck2003/045462/23

"We speak of Africa"

Lizel Cramer

Tel:014735 0361/0832560210
Faks: 086 5141292
Info@impalatraining.co.za

NUUSBRIEF Maart 2011

2010 was vir Impala `n fantastiese jaar en ons was geseen met wonderlike groepe, geen probleme en baie reen. Weereens geluk aan alle studente wat hul kursusse voltooi het en die wat reeds werk(m.a.w. amper almal!!).

BOK(2010)	Buurman se dam	Fgasa	Erosie Gate	Boskos
Ons het hierdie jaar `n baie spesiale en indrukwekkende nuwe waghond ryker geword! Bok, ons mak Blesbok het deel geword van die Impala familie en het bewys dat bokke BAIE meer intelligent is as wat enige iemand ooit vermoed het. Sien facenook vir Foto's!	Ons nuwe buurman van JHB het `n damwal in die spruit geskraap wat ons plaas van water moet voorsien!!!! Die baie reen het sy ding gedoen, die damwal gebreek en ons rivier vloei weer pragtig soos in die verlede!	Daar word nuwe veranderinge aan opleidingsentrums gestel, wat moontlik die bedryf mag skade rig. Lees op Bladsy 2 meer oor die veranderinge en hoe ons voornemende leerders gaan probeer help!	2010 se Reen!! Onthou daai erosiegat waaroor ons verlede jaar so gelag het en met groot moeite weer opgevul gekry het !!!?? Wel, ... dis nou `n krater en het die HELE pad teen die lyndraad is weg gespoel !!	Boskos het verlede jaar verander in super-super-etes en die beste resultate nog ooit. Wie het gedink mense kan so groei in so kort tydjie!!Ook maar goed dis so n kort tydjie anders gaan van ons in cm's begin groei...
Bok (2011)	**Volgeboek vir 2011**	**Bydraes**	**Facebook**	**Sluit Datums vir 2012**
Bok is nou uiteindelik uit die erf uit en het hom in sy eie hoekie op die plaas gevestig. Die ander ramme laat hom egter nie by die ooie toe nie en hy is bitter alleen. Hy terroriseer dus nou studente wanneer hy verveeld is!!	**Ons kan dit self nie glo nie maar ons kursusse is vol geboek vir 2011!! Daar is egter nog deposito's uitstaande vir `n hele paar besprekings, so, onthou dat jou plek nie verseker is sonder `n deposito nie!! Daar is dus plek vir laat besprekings!**	**Dankie aan al die ouers en studente wat bydraes gemaak het om die studente kamp deurentyd te verbeter! Ons bou verander stuk vir stuk aan die kamp om dit so gerieflik moontlik te maak vir studente en ons waardeer enige bydraes wat hierdie proses help bespoedig**	Sluit aan by ons **facebook** groep **Impala Gameranger Training** en sien nuwe foto's en aktiwiteite!	Besprekings vir 2012 is goed onderweg en die datums is uitgesit in hierdie Nuusbrief. Ons het reeds met 2013 besprekings ook begin!!

Baie geluk !!!

Lizel, Christo en Jaco het aan die einde van 2010 die volgende spoorsny kwalifikasies behaal:

Cyber Tracker

Christo: Level 1

Jaco: Level 1

Lizel: Level 3



DATUMS VIR 2012

Kursus	2012		2012		2012		2012		2012		2012	
Wildplaas-bestuur	15 Jan–26Jan	8	28Feb – 10 Mrt	11	29Apr-10Mei	11	8Jul-20Jul	**Oop**				
Veldgids	27Jan-20 Feb	8	11Mrt – 3Apr	11	11Mei-4Jun	10	**20Jul-13Aug**					
Jaggids	20Feb–25Feb	8	4 Apr – 9 Apr	11	4Jun-9Jun	12	13Aug-17Aug					
Boskos en Lodge Kos	25 Feb–29Feb	8	10Apr – 14Apr	12	IJS/BK Kombo	12						
IJS Etiket	29 Feb–4Mrt	8	15Apr-19Apr	12	10Jun-17Jun	12	18Aug-25Aug					
Vlak 3 Gevorderd	10 Mrt– 31Mrt	8	21Apr – 11 Mei	11	24Jun-15Jul	12	26Aug-16Sep					

Breaking News ! !

NB!! NB!! Veldgids Kursus MOET nou 2 maande lank wees! Aanvangsdatum 1 Junie

HOE DIT WERK / NUWE VERWIKKELINGE

Baie opleidingsentrums verkies om deur die veldgids organisasie, Fgasa, te werk om rede dit die opleiding en assesseringsproses bespoedig en die wetlike registrasie by Theta vergemaklik.

Baie lodges, wat poste adverteer vra ook Fgasa opgeleide studente omdat dit die sisteem is wat die meeste mense ken. Asgevolg van bg. redes werk ons by Impala dus ook deur Fgasa.

Ongelukkig is die besluit onlangs geneem dat `n Fgasa geakrediteerde veldgids kursus nou nie minder as 2 maande mag wees nie. Indien `n opleidingsentrum dus nie die kursus na twee maande verleng nie, word die sentrum se akkreditasie weggeneem. Ons word dus verplig om saam te speel of ons akkreditasie te verloor.
Dit gee aan die een kant wel vir die studente langer tyd om blootstelling te he aan die werk en meer tyd om te leer, maar ongelukkig beteken dit dat die prys amper met 3x moet verhoog !!! `n Basiese Vlak 1 kursus behoort dus na regte ten minste tussen R40 000 en R60 000 te kos!!!

Dit beteken verder dat :

- **`n basiese Vlak 1 kursus vir die meeste mense onbekostigbaar gaan wees,**
- **studentgetalle sal drasties daal,**
- **baie opleidingsentrums sal sluit en**
- **baie jong mense sal nie hul drome kan volg nie.**
- **Baie sal nie addissionele kursusse kan bekostig nie en dus sukkel om werk te kry.**
- **Verder sal daar ook `n groot tekort in die bedryf wees aan gekwalifiseerde gidse omdat so min mense dit kan bekostig.**

In `n poging om al bogenoemde rampe te vermy gaan Impala dus die volgende veranderinge aanbring wat vanaf 1 Junie geimplementeer sal word indien Fgasa met hul besluit voortgaan:

- Die kort 3 week kursus sal steeds aangebied word. Ons bied reeds vir 12 jaar lank 3-4 week kursusse aan en dit is bewys dat dit gedoen kan word want ons studente kry werk. Studente se toewyding, soos in die verlede, bepaal of hulle die 3 week kursus sal slaag of nie.

- Studente mag egter nie op hierdie kursus hul Fgasa eksamen skryf nie en moet wag vir een van die 3 jaarlikse eksamens wat by verskillende plekke deur die land aangebied word. Die eksamens mag dus nie by die opleidingsentrum geskied nie, maar wel die praktiese assessering.

- Ons sal steeds sulke studente help registreer by Fgasa indien hulle so verkies en help met die nodige prosesse.

- Om kostes te bespaar sal die kursus dan 21 dae lank wees en R10 500.00 kos.(Fgasa registrasie fooie uitgelsuit).

- Die 2 maande kursus waartydens die Fgasa eksamen afgele mag word sal R23 000.00 kos. Hierdie prys sluit steeds 2 etes per dag en verblyf in, registrasie kostes by Fgasa, eksamen- en praktiese asseseringsfooie.

- Om hierdie kostes te kan dek sal die kursus ook betaalbaar wees in paaiemente wat in totaal R24000.00 sal beloop oor die 2 maande.

- Onthou alle fooie soos breekware, boeke, noodhulp en wasgoed moet kontant betaal word.

- **Om studente bystand te verleen om hulself beter te kwalifiseer gee ons dan boonop R1000.00 afslag op die Veldgidskursus vir elke ekstra kursus wat by Impala gedoen word.**

- **Onthou `n basiese Vlak 1 kwalifikasie is die minimum vereiste om as gids te kan werk, maar wildplaaseienaars verwag baie meer van werknemers en `n beter gekwalifiseerde gids word makliker uitgeplaas!!!**

- Om die Veldgids kursus teen amper kosprys aan te bied is die enigste manier hoe ons studente kan help om die veldgids asook bykomende kursusse te kan bekostig en natuurlik as gerespekteerde opleidingsentrum te kan oorleef in die amper onmoontlike situasie wat vir ons geskep is.

- Ons beywer ons elke dag om toekomste te skep vir Suid-Afrika se jongmense en hierdie motifering spoor ons aan om nie in te gee wanneer nuwe uitdagings en struikelblokke oor ons pad kom nie.

- Ouers wat graag wil kommentaar lewer is welkom om aan ons te skryf. Ons verwelkom enige kommentaar, voorstelle en opinies wat hierdie nuwe veranderinge vir ons mense se toekomste inhou.

- Die datums soos gegee op die kursusbriewe is aangepas, maar mag dalk weer `n bietjie verander.

- Studente wat reeds ingeskryf is vir Veldgids Vl.1 kursusse na 1Junie, moet die kantoor laat weet en spesifiseer of hulle die 3 weke of 2 maande opsie verkies.

- Die 3 weke en 2 maande kursusse sal beide op dieselfde datums begin.

- Hou ons briewe dop, ons facebook blad, skakel die kantoor of epos ons om op hoogte te bly van nuwe verwikkelinge en hoe die situasie in die toekoms ontwikkel!!

Vriendelike groete

Lizel Cramer